Nrs./Nos. 39 & 40 1962 Aug. - Des./Dec.

ZA 05/68
1962/39

# Pretoriana




*Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria*
*Verskyn in April, Augustus en Desember.*

-- o --

*Magazine of the Old Pretoria Association*
*Published in April, August and December.*


**Prys : 20c : Price.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



MNR. EN MEV. GERARD RISSIK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



(G. RISSIK)

# PENNINGMEESTER VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
en
# PRESIDENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

NAMENS ons Genootskap is dit vir my 'n besondere eer en voorreg om ons penningmeester, mnr. Gerard Rissik, van harte geluk te wens met sy onlangse welverdiende benoeming tot president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Vir ons Genootskap verskaf dit groot voldoening dat een van ons gesiene lede die hoogste sport in die bankwese van ons land bereik het.

Met trots dink ons daaraan dat mnr. Gerard Rissik nie alleen een van die eerste en aktiewe lede van die Genootskap Oud-Pretoria is nie, maar dat die familie Rissik alreeds vir drie geslagte prominente inwoners van Pretoria is. Net soos in die geval van 'n hele aantal ou vooraanstaande Pretoriase families, het ook die stamvader van die Rissik-geslag in Suid-Afrika, byna 'n eeu gelede vanuit Nederland hierheen verhuis. Dit is algemeen bekend dat lede van die Rissik-famalie op verskillende terreine voortreflike dienste aan die ou Zuid-Afrikaansche Republiek en die staatsbestuur wat daarna gekom het, gelewer het.

Die naam Rissik is by ons in Pretoria en ook in Transvaal alom bekend en die naam is alreeds verbind aan strate, stasie-, skoolkoshuis- en poskantoorgeboue en selfs ook aan 'n parlementêre en provinsiale kiesafdeling in Pretoria. Ons penningmeester se bevordering tot president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank sal die naam Rissik nou ook ver buite die grense van Pretoria en Transvaal bekend maak.

Gerard Rissik het sy onderwys in Pretoria ontvang en ook sy loopbaan hier begin. Sodoende was hy bevoorreg om reeds op jeugdige leeftyd onder bekende bankiers soos Postmus en Dommisse te werk.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gerard Risik is nie alleen 'n eersterange finansier nie maar hy is ook 'n kultuurmens met 'n diepgaande kennis en opregte belangstelling in ons kultuurgeskiedenis en kulturele prestasies. Dit besef elke besoeker aan sy huis en kantoor. Dáár heers 'n besondere atmosfeer. In sy kantoor pryk die werke van Suid-Afrikaanse skilders en beeldhouers terwyl die Reserwebank 'n pragversameling Suid-Afrikaanse munte besit. Voorbeelde van ons vroegste munte is aan die deure van die Reserwebank in Port Elizabeth te sien terwyl afbeeldings van ons land se stigter en van V.O.I.C.-skepe op ons banknote pryk en in mosaïek op die vloer van die bank vasgelê is. Hy bewaar die mooie uit ons verlede en waar moontlik laat hy dit op smaakvolle wyse herlewe. Ons waardeer die piëteit waarmee hy ons geskiedenis bejeën en ons wil hom daarvoor baie hartlik bedank.

Op die Genootskap se laaste jaarvergadering is mnr. Gerard Rissik vir die tiende agtereenvolgende keer eenparig en met akklamasie tot penningmeester herkies. In die afgelope tien jaar het hy al meer as een keer ons Genootskap op gulle wyse daadwerklik bygestaan en uit sy eie fondse—nie uit dié oorvloed van die Reserwebank nie!—ons uit 'n geldelike penarie gered! Sy opregte belangstelling in ons doelstellings, publikasies, vergaderings en ander aktiwiteite, word deur elke lid van ons Genootskap ten seerste waardeer. Die Genootskap Oud-Pretoria geniet dan ook die besondere voorreg en unieke onderskeiding om een van die weinige kultuurorganisasies in die wêreld te wees—indien nie die enigste nie—wat 'n president van 'n Reserwebank of 'n land se hoofbankier as penningmeester te hê en te behou. Hy vervul sy nederige plig om die geldsake van ons Genootskap te behartig, op 'n getroue wyse en ons vertrou dat die toestand van ons kas hom in die toekoms nie te veel hoofbrekens sal besorg nie!

Ons wil ook vir mev. Rissik baie hartlik gelukwens. Sy is 'n afstammeling van die welbekende Meltzer-familie van Pretoria. Ons waardeer ook haar belangstelling in die aktiwiteite van ons Genootskap, veral die baie kere toe sy keurige eetgeregte vir ons vergaderings help voorsien en ook bedien het. Ons spreek die hoop uit dat sy en haar eggenoot, temidde van drukke werksaamhede en ander dringende afsprake, tog nog dikwels in dié toekoms geleentheid en tyd sal vind om ons jaarvergaderings met hulle teenwoordigheid te vereer.

Vir my, wat die besondere voorreg gehad het om albei ons vriende, vir so baie jare intiem te geken het, is dit dan ook 'n eer en 'n aangename taak om namens die Genootskap Oud-Pretoria vir mnr. Gerard Rissik hartlik geluk te wens met die hoë onderskeiding wat hom te beurt geval het en om hom en sy gesin terselfdertyd alle seën en voorspoed toe te wens in die belangrike en verantwoordelike pos wat hy vanaf 1 Julie 1962 beklee. Daarby wil die Genootskap ook baie dankie sê vir mnr. Rissik se tien jaar lange getroue behartiging van die penningmeesterskap. Dit was ongetwyfeld een van die dinge wat aan ons Genootskap in Pretoria 'n besondere status gegee het, en nou nog gee.—W. PUNT.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Foto: „Die Volksblad", Bftn.

Mr. GERARD RISSIK
with a specimen of his famous signature



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ons hartelike dank aan „The Pretoria News" vir die beskikbaarstelling van die foto van mnr. Rissik se beroemde handtekening. Met die vriendelike medewerking van dr. Jan Ploeger hoop die Redakteur om in die volgende uitgawe van „Pretoriana" (April 1963) 'n aantal artikels oor die afkoms van die Rissik-familie en hulle bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis te plaas.—*Die Redakteur.*

# RISSIK WORKED HIS WAY UP FROM HUMBLE POSTS

THE loss to the South African Reserve Bank through the retirement in June of its internationally known Governor, Dr. Michiel Hendrik de Kock, is tempered by the appointment of Mr. Gerard Rissik to succeed Dr. de Kock in that high post, writes the Pretoria representative of The Star, 23/3/1962.

Mr. Rissik is not only an experienced and much-respected banking expert; he is one of the best-liked individuals in the wide circle in which he moves in Pretoria.

He and his wife Alice, who does a lot of work for child welfare, are a popular couple, unpretentious and lead a happy family life.

Mr. Rissik joined the bank in 1923, two years after its establishment. Unlike Dr. de Kock, who as a young man of 34 left the Board of Trade to become Deputy-Governor in 1932, Mr. Rissik has worked his way up from humble positions in the Reserve Bank's service.

## SPECIAL TASKS

He was appointed to the responsible post of Secretary and Chief Accountant in 1943, and to the chief administrative post of Chief Cashier in 1954.

The wide range of his abilities had now become so manifest that he was increasingly called on to carry out special tasks which the extended work of the Reserve Bank brought about.

His work became so onerous that the bank created a new post for him in 1958 of executive assistant, which was followed later by his appointment to deputy-governor.

Although not a robust man, and with a serious childhood affliction which left him with a limp, his indomitable spirit and amiable disposition never allowed such considerations to flag his energies, either business, social, or sporting.

*Mr. Rissik has been a prominent member of the Old Pretoria Society since its founding in 1948 and he has rendered valuable services as Treasurer during the past ten years. (Editor, "Pretoriana".)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# UIT DIE BRIEWE VAN ARNOLD THEILER, VI.

(*Vervolg van Nrs.* 32 *en* 33, *April—Augustus*, 1960)

BAIE opvallend en enigsins verbysterend is die wending wat Theiler se politieke sienswyse na die val van Pretoria ondergaan het. Eintlik het dit al begin na sy terugkeer van die Natalse front. Waar hy eers vol lof was vir die Boere se krygsvernuf en dapperheid, het die ordelose terugtrek van die Tugela-front hom met verbasing vervul en hom laat soek na 'n psigologiese verklaring. Maar veral na hy persoonlik die terugtog voor die massas van lord Roberts, vanaf die Renosterrivier tot Pretoria, meegemaak het, het hy 'n ander dunk van die Boere gekry. Sy opmerkings teenoor hulle word enigsins smalend; sy bejeëning teenoor die Britte steeds meer en meer simpatiekgesind.

Dit het verbasing gewek by die lesers van sy briewe in Switserland; sy briewe het daar in die *Schweizer Freie Presse* verskyn en is ook deur verskeie Duitse blaaie oorgeneem. Ook daar het die publiek, wat baie pro-Boersgesind was, die verandering van siening nie goed kon verwerk nie. Miskien moet mens die omswaai verklaar uit sy persoonlike teleurstelling en die onsekerheid wat die gang van sake vir homself ingehou het. Miskien kom dit voort uit 'n bewuste poging om die Britse sensors te oortuig van sy goeie gesindheid sodat hy onder die nuwe bewind weer in die geleentheid gestel kon word om met sy werk voort te gaan. Sy werk het immers by hom die meeste getel. Mens moet onthou dat sy hele beskrywing van die terugtog uit die Vrystaat geskryf is nadat Pretoria ingeneem is, en dit moes noodwendig eers deur die Britse sensor gekeur gewees het.

Hoe ook al, die beeld wat hy ons skilder van die periode van insinking en moedverloor onder die Boere is allersins belangwekkend.

Terug uit Natal teen die einde van Maart 1900, kon hy darem weer etlike weke met sy gesin saamlewe en sy gewone werksaamhede probeer herorganiseer. Maar op 13 Mei is hy weer na die front, weer saam met die Artillerie onder bevel van majoor Wolmarans; hierdie keer na die suidelike front waar lord Roberts besig was om met sy oormag aan te marsjeer. Veel word verwag van 'n longtom wat nou op 'n spoorwegwa geplaas is. Maar soos later geblyk het kon hy nie veel teen so 'n wye front uitrig nie, hoewel sy gebulder nog indrukwekkend genoeg was en hy 'n hele paar waens laat agteruitsteier het wanneer 'n skoot gevuur word.

Theiler en sy geselskap gaan eers sover as Vereeniging, waar genl. Schalk Burger in bevel van die dorp was en sy bes doen om die moedverlore burgers na die front te laat terugkeer. Die burgers verwyt mekaar oor en weer; daar is geen werklike wil tot weerstand meer nie. Met sy Switserse vriende probeer Theiler die tyd so aangenaam moontlik te verdryf. Hulle opgewekte liedere trek die aandag en kontrasteer vreemd met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die psalms van die Boere, „so eentoning dat mens daar koud van word."

Eindelik vertrek hulle na Koppies waar genl. Louis Botha sy hoofkwartier gehad het en waar 'n verdedigingslinie al met die loop van die Renosterrivier twee uur te perd links en regs van die spoorlyn opgestel is — uitstekende stellings: die vyand sou oor groot afstand gesien kon word. Maar terwyl hulle lord Roberts nog in Kroonstad waan, kom eers die berig dat Lindley ingeneem is en toe weer Vredefort. „Dit was 'n Maandagmore. Ek lê in my tent met 'n verkoue onder 'n warm kombers toe die bevel kom om terug te val na Vereeniging. Eers kon ek dit nie glo nie." So het dit telkens gegaan. Wye flank- en omtrekbewegings van die vyand het die Boere telkens genoodsaak om terug te val sonder dat daar een keer behoorlik slag gelewer is. In geselskap van genls. Botha en Burger keer hulle per trein terug na Vereeniging; groot stofwolke aan weerskante van die spoor getuig van die massale terugval.

In Vereeniging was dit 'n kom en gaan „soos op 'n markdag". Orals word klagtes gehoor. Die manskappe verwyt hulle offisiere vir die slegte gang van sake; die offisiere beskuldig weer hulle manskappe dat hulle nêrens wil vasstaan nie en vlug wanneer die eerste skote val. Binne die kring van vreemde vrywilligers waarin Theiler beweeg, is dit vanselfsprekend dat daar baie skamper opmerkings gemaak word oor die „dapperheid van die Boere". Telkens word krygsraad gehou in Botha se hoofkwartier. Een dag word besluit om die Vaalrivierlinie te verdedig. „Daar word besluit om op die walle van die Vaal te sterwe; geen Engelsman sal voet op Transvaalse bodem plaas solank daar aan dié rivier nog een Boer asemhaal nie" — en dan is daar weer 'n vlaag van hoop — maar 'n paar dae later blyk die „plan" weer onprakties te wees en kom die bevel om terug te val maar weer.

So was die toestand volgens Theiler se beskrywing. 'n Mens moet egter nie uit die oog verloor dat hy nie toegang tot die beraadslagings gehad het nie en ook dat hy op hierdie stadium beslis bevooroordeeld was. Waarskynlik was die werklike gang van sake anders.

Ook val dit moeilik om te glo dat die skielike verskyning van die Engelse by Vereeniging werklik so 'n verrassing was soos hy dit voorstel. Volgens hom was die verkenningsdiens nie op peil nie; telkens word smalende aanmerkings oor Danie Theron se verkennerskorps gemaak. Soos hy dit vertel het hy een oggend skaars per telefoon aan iemand in Pretoria meegedeel dat daar nie 'n Engelsman in die omgewing te beken is nie, of hy hoor bomme val en verneem dat die vyand by die rivier opgedaag het. Self sien hy hoe die brug oor die rivier, ongeveer 'n halwe kilometer van hom af, met 'n geweldige ontploffing vernietig word. Daar is besluiteloosheid terwyl die krygsraad besig was om weereens 'n „plan" te beraam. Elkeen hou sy perd opgesaal, gereed vir gebeurlikhede, en toe die bomme tussen hulle begin val, het elkeen maar vir homself 'n „plan" gemaak en gemaak dat hy wegkom.

Weer is dit 'n massale terugtog — tot by Kliprivier waar voorlopig



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

halt gemaak word. Die nagte word koud. So ver hulle gaan steek die Boere die veld aan die brand. Dit lewer 'n fantastiese gesig van vlamme en rook so ver 'n mens kan sien. „So het ons darem ook vuur by die karnaval wat ons speel", merk een Switser op.

Die volgende dag is dit Sondag, bitter koud die oggend daar aan die Kliprivier. „'n Mens kan hoor dat dit Sondag is want orals is klompies-klompies Boere besig om hulle psalms aan te hef." Maar spoedig daarna begin weer die klagtes en verwyte. Daar is 'n gerug dat die generaals weer gaan krygsraad hou en inderdaad sien mens hulle bymekaar kom — maar hierdie keer was dit net om 'n portret te laat neem. „'n Mens kan lag as dit nie vir die droewige werklikheid was nie." Kanon- en geweervuur regs agter 'n berg versteur weer die vrede, maar hulle self word met rus gelaat. „Die Sondag kom tot 'n einde. Dit was die koudste nag van die hele veldtog. Ryp lê vingerdik op komberse en saals; ons het soos sondaars gebewe van die koue toe om vyfuur weer die bevel kom om terug te val."

Theiler kry bevel om die wa van genl. Botha te volg, terwyl die Artillerie opdrag kry om die opmars van die vyand se regterflank wat op Johannesburg afpeil, te probeer stuit. Dit bring hom by Elandsfontein vanwaar hy 'n besoek aan Johannesburg bring terwyl sy wa met benodigdhede na Pretoria gaan. „Paniek heers in Johannesburg. Die Engelse word nog dieselfde dag verwag." Die winkels wil nie meer die „goedvoors" van die regering aaneem nie. Hulle het egter nog geld om mee te koop. Sy perd is kruppel en dit noodsaak hom om die nag en die volgende dag in Johannesburg te vertoef. Vroeg die oggend van 22 Mei verneem hy dat Elandsfontein in die hande van die vyand geval het en kon reeds kanonne links en regs van die stad gehoor word. Dit verhinder hom nie om die dag gesellig met sy Switserse landgenote deur te bring nie. Die onveilige en onsekere situasie lei tot 'n hartlike verbroedering en beloftes om mekaar getrou by te staan.

Toe Theiler die oggend van 24 Mei Johannesburg verlaat, trek die Britse leër reeds die stad van die weste binne. Die middag om vyfuur bereik hy Pretoria en verras sy vrou wat alreeds gedink het dat hy in die hande van die vyand geval het. „In Pretoria hoor ons interessante nuus: die regering het met groot haas gevlug maar het nie vergeet om die goud ter waarde van £2½ miljoen saam te neem nie. Maar hulle het wel vergeet om hulle werknemers te betaal . . . . Die tjeks is wel uitgemaak en sommige is reeds oorhandig, maar wanneer dit by die Nasionale Bank getoon word, word betaling geweier omdat die regering met die geld weg is."

Op Donderdag, 31 Mei 1900, heers daar volkome wetteloosheid in Pretoria. Die Engelse kon elke oomblik aankom en alles het buite beheer geraak. Reeds vroeg het mense die goewermentstore bestorm en hulle self gehelp aan die voorrade aldaar. Dit was 'n oomblik om psigologiese studies te maak. Die wat die meeste het, en die grootste waens, het die meeste gevat. Die armes het die slegste daarvan afgekom; hulle kon alleen soveel neem as wat hulle kon dra. Die rooflus werk aansteeklik. Elkeen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat hande het, het maar geneem en weer terug gekom en weer geneem: mans, vrouens, kinders, inboorlinge, hottentotte, dames en here. Vrouens het in hiënas verander; hebsug straal uit hulle oë; menslike waardigheid was verlore.

Teen eenuur kom daar skielik 'n gerug dat die Engelse daar is. Die burgers maak dat hulle wegkom terwyl 'n menigte naturelle, hottentotte en ander nuuskieriges na die plek stroom waar die Kakies veronderstel word om die dorp binne te kom. Maar dit was 'n vals alarm. Eers die aand is daar 'n mate van orde herstel. Soos elkeen, gaan Theiler die aand huistoe vasberade om sy besittinge te beskerm. Die volgende dag is perdediefstal aan die orde van die dag. 'n Proklamasie van genl. Botha dat persoonlike eiendom respekteer moet word, het slegs papier gebly. Pretoria het nog 'n aantal goeie perde gehad. Hulle word nou eenvoudig geneem, met of sonder die eienaar se toestemming, wettig of onwettig. In die eerste geval kry die eienaar 'n bewys; in die tweede miskien 'n pak slae, of ten minste 'n dreigement. Ten spyte van 'n bewys van maj. Wolmarans om sy perde te mag behou, het Theiler ook die uiterste moeite om te verhoed dat hulle weggeneem word.

Belangwekkend is die beskrywing van die inname van Pretoria. „Maandag, 4 Junie, dit is Pinkstermaandag, soek ek die majoor vir die laaste keer op en vra hom een van sy waens om gereed te wees om uit te trek. Hy belowe my dit indien ek die volgende dag terugkom. Reeds word die geluid van kanonne op 'n afstand gehoor. Ek gaan huis toe, laat my perd opsaal en hou my gereed om te vertrek so gou ek die bevel kry. Ek kry geen bevel nie en bly dus tuis. Ek besluit om die verdere verwikkelinge in Pretoria af te wag en my laboratorium aan die Engelse te oorhandig wanneer hulle kom."

Vanaf sy huis by Daspoort het Theiler 'n onbelemmerde uitsig op die rantereeks ten suide van Pretoria en kon goed volg wat aangaan. Die Boere het daar posisie ingeneem, ook om die forte op Skanskop en Klapperkop te verdedig. Daar begin die eerste bomme val. Daarna verskuif die bombardement meer na regs en word veral lewendig in die buurt van Kwaggaspoort. Die klein wolkies van die skrapnel en die swaar stofkolomme van die bomme vorm hier 'n krans om die koppie. Teen die middag word die forte weer gebombardeer. Van sy huis kon hy en sy familie feitlik elke bom sien val. Die bomme val ook taamlik naby die dorp ten suide en ten ooste daarvan, maar dit was duidelik dat die Engelse nie op die dorp self mik nie.

„Teen vieruur val die Boere op die regterflank terug met so 'n haas soos ek nog nie gesien het nie". Hulle trek by sy laboratorium verby deur Daspoort. Eers teen die aand het die Engelse kanonne hulle projektiele oor die randjies begin skiet. „Die een wat die naaste aan ons geval het, was een kilometer weg." So het die Theilergesin net met die skrik daarvan afgekom: vir die jong kinders was dit egter 'n prettige ondervinding.

Die slag om Pretoria was dus nie baie bloedig nie, volgens wat hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verneem was daar slegs een gesneuwelde aan Engelse kant en nie een aan die kant van die Boere nie. „Daar is 'n spreekwoord wat vertel hoe 'n mens 'n ou soldaat kan word. Sedert die terugtog van Renosterrivier af, het ek nooit van verliese van die Boere gehoor nie. Dit skyn my die ramp van die oorlog vir Transvaal te wees: die Boere is bereid om vir hulle land te *lewe*." Na die dag van bombardemente volg 'n merkwaardige stil nag. Die burgers het uitgetrek maar die Engelse skyn geen haas te hê om binne te trek nie.

Dinsdag 5 Junie om 8.15 vm. gaan die eerste Kakies hulle huis verby en verneem die pad na die dorp. Kort hierna gaan die ballon weer op wat die vorige dag telkens oor die bergtoppe geloer het; blykbaar vind hy hierdie keer alles in orde. Nie lank daarna nie begin swart massas die berge af te trek na die water toe. Teen die middag trek troepe by hulle huis verby om in die onmiddellike nabyheid van die dorp kamp op te slaan. Alle amptenare en manne in uniform kry huisarres maar is na 'n paar dae weer op parool vrygelaat. „Voor Oom Paul se huis, waar tante Kruger agter gebly het, is 'n wag geplaas en ek wonder wat sy van hom dink. Dis snaaks om nou 'n kakiefiguur te sien waar die onvermydelike Zarp altyd gestaan het."

Teen twee-uur sou die intog in die stad begin en die Britse vlag bo die goewermentsgebou gehys word. 'n Hele menigte het daar vergader. Op die vasgestelde uur neem lord Roberts, met lord Kitchener aan sy linkersy, posisie teenoor die gebou in. 'n Mars word met fluite en tromme gespeel. Die wag presenteer geweer — en langsaam styg die Engelse vlag bo die goewermentsgebou vergesel van hoerageroep deur die soldate. Ten slotte word „God save the Queen" gesing. Die bevolking het passief staan en toekyk. Alleen in een hoek waar die Engelse offisiere staan wat uit krygsgevangeneskap bevry is, was die geesdrif geweldig toe die Union Jack opstyg. „Ons, die paar Switsers, staan bymekaar asof ons 'n begrafnis bywoon. Daar voor ons oë gaan 'n republiek ten gronde en ons harte het saamgekramp."

Die seremonie word gevolg deur die verbymarsjeer van die troepe. Vir drie uur lank beweeg die troepe-afdelings voor hulle opperbevelhebber verby. Hulle lyk moeg, die Kakies. Vir 400 myl het hulle vanaf die Oranjerivier gemarsjeer; hulle kom nou direk van die veld en het byna nooit in al die tyd kans gehad om van klere te verwissel nie. En tog marsjeer hulle flink verby. Die „Grenadier Guards" veral maak 'n goeie indruk: groot sterk figure. Daarop volg afwisselend infanterie, kavalerie, en artillerie, waarby die lang skeepskanonne, elkeen getrek deur 36 osse, veral indruk maak; ook 'n battery swaar Houwitsers en talle baterye veldartillerie en maxims. Dan kom die vrywillegerskorpse van Londen en die Skotse Hooglanders met hulle karakteristieke drag en doedelsakmusiek. Daarop volg 'n lang reeks transport- en tenslotte 'n groot menigte ambulanswaens. Dit was 'n kleurvolle optog en het ongetwyfeld die indruk gemaak wat lord Roberts wou gehad het. En nog was dit nie die hele



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

leër nie. 'n Paar dae later arriveer genl. French se kolonne deur Daspoort; ook dié neem drie uur om by die Theilers se huis verby te trek.

Die Britse troepe vind hy beleef en bereid om informasie te verskaf. Almal is die oorlog siek en sat. Vir die volgende paar dae wemel Pretoria van die soldate, hoewel weinig van hulle in die dorp self ingekwartier is. Van die wat in die veld kampeer, kom sommige soms na Theiler se huis om eetware te koop . Aanvanklik was daar nie veel klagtes oor hulle gedrag nie maar later verander dit enigsins. Theiler self verloor sewe skape wat voor die oë van sy skaapwagter afgeslag word. Vir vuurmaakhout word heinings en leegstaande huise gestroop. Volgens Roberts se proklamasie moes alle wapens ingehandig word. En die „vurigste boere" wat natuurlik ook nie gaan veg het nie, was die eerste om hulle gewere in te handig. Ook hy het syne en die van die Switserse skietvereniging, „Alpina", ingehandig: „weer het ons amper so verdrietig gevoel soos by 'n begrafnis." Dag na dag word nuwe verordeninge uitgevaardig. „Al is ons persoonlike vryheid nie veel aan bande gelê nie, voel 'n mens tog soos 'n voël in 'n hok."

Hiermee eindig die laaste lang brief wat Theiler aan sy ouers in Switserland geskryf het. Die briewe wat hierop volg is korter maar gee tog hier en daar 'n kykie in die lewe van die besette Pretoria.

Opvallend is die feit dat hy sy veranderde siening op die Boere hierna telkens verdedig, waarskynlik na aanleiding van antwoorde wat hy op sy briewe ontvang het. „Ek het hier en daar miskien 'n bietjie skerp oordeel gevel, maar as die verdediger van 'n regverdige saak en 'n groot beginsel mag ek kritiek uitspreek. Ek mag myself loof dat ek sedert die uitbreek van die oorlog steeds waarheidsgetroue beskrywings gegee het," so skryf hy op 28 Junie 1900. Hy was op daardie stadium sonder verdienste; die „Regering" skuld hom nog £200. Die toekoms is duister en hy waag dit soms nie om daaraan te dink nie.

Die volgende brief, van 29 Julie 1900, is weer opgewek. Nou lyk die toekoms vir hom „miskien helderder as ooit". Die Engelse behandel hom „soos 'n gentleman". Hy kom met verskeie hoë offisiere in aanraging, ook met manne van die wetenskap; en die wetenskap is internasionaal. Hy het 'n gesprek met genl. Maxwell gehad en hoop om gou die laboratorium weer in volle gang te kry. Hy het spoedig in Britse diens getree en voortgegaan met sy veeartsenykundige werk. In die volgende brief vertel hy opgewek van die verbeteringe wat die Engelse in die toestand gebring het hoewel sy salaris nog nie so hoog is as wat dit voorheen was nie. Sy laboratorium het al hoë besoek gehad: Prins Francis von Teck, genl. Maxwell, genl. Baden-Powell, genl. Tucker; Engelse bakterioloë stel veral belang.

Meer en meer gaan Theiler weer in sy werk op en lyk dit asof die oorlog hom verbygaan. Op 25 Oktober lui dit: „Ons kry min goeie vleis. Oor die oorlog weet ek niks nie." En op 22 November weer: „Die oorlog is verby en tog nie. Die Boere hoop op 'n wonderwerk — maar die land verarm."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hulle Kersboom was daardie jaar 'n doringboom. Hy geniet die vertroue van die Goewerneur; tog is hy „Südafrika herzlich satt". Op 10 Jan. 1901 skryf hy: „Die guerillastryd duur voort. Daar sal nog baie sterf. Ek is oortuig dat die Engelse die land goed sal bestuur en die Boere ook." En op 24 Jan. 1901: „Ek is tans 'n Britse onderdaan en as sodanig treur ek vandag oor die dood van die koningin." 'n Soet druppel is 'n berig uit Switserland dat hy aldaar 'n doktorsgraad gekry het op sy dissertasie: „Die Malaria des Pferdes". Telkens twyfel hy of hy in Suid-Afrika moet bly. Soms is die vooruitsigte goed; dan weer onseker.

Op 11 April 1901 is sy oordeel dat die oorlog ten einde loop. „Nog net rowende en plunderende bendes maak die land onveilig. Die lewe met sy onsekerhede, sorge, die donker spook van die toekoms, die verveling, die gebonde wees aan een plek, dra daartoe by om die lewe swaar te maak. Net werk bring verligting." Gedurende Mei, Junie en Julie was hy na Basoetoland waar weer runderpes uitgebreek het. Dit het welkome afwisseling gebring — ook die onveilige treinreis daarheen en terug was weer bietjie avontuur. Daarna weer die teruggetrokke, eentonige lewe. Hulle mag na 10 nm. nie op straat wees nie en gaan slegs 2—3 maal per maand uit. Sy ondersoek na die oorsake van runderpes en perdesiekte duur egter voort.

Teen September daardie jaar lyk dit vir hom asof die oorlog werklik ten einde loop, maar teen Desember is sy mening dat dit nog 'n jaar kan aanhou. Die eindresultaat sal armoede wees. Hy meen dat die Engelse herhaalde kere aanneembare voorstelle gedoen het, „maar nou gaan dit voort tot die bitter einde".

Op 5 Desember 1901 stuur Theiler nog sy nuwejaarswense en spreek sy kommer uit oor die siekte van sy vader waarvan hy verneem het. Min het hy geweet dat sy vader toe alreeds oorlede was. Eers op 21 Desember 1901 kry hy die berig en toe skryf hy sy laaste brief wat hier bewaar is, hierdie keer aan sy suster en swaer. Hy skryf van sy droefheid oor sy vader se dood „omdat ons mooi droom om mekaar weer te sien nou vernietig is". Daarna breek die korrespondensie abrup af. (Slot.)

F. J. DU T. SPIES.

---

*(Obituary reprinted from "The Ostrich", Vol. 7, No. 2, Dec.,* 1936.)

# SIR ARNOLD THEILER

K.C.M.G.,; D.Med.Vet., Berne; Hon. D.Sc. Cape and Syracuse; D.Ph.; Berne; Hon. D.Vet.Sc. Univ. S. Afr.; etc.

SOUTH AFRICA has not only lost a great veterinary scientist, but also a keen lover and student of birds, in the lamented death of Sir Arnold



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Theiler in London, on the 24th July, 1936. Born at Frick in Switzerland on the 26th March, 1867, Arnold Theiler was educated in Aarau, graduated in veterinary medicine in Berne and became qualified as a veterinary surgeon in Zürich in 1889. At an early age he developed a love of Nature and the biological sciences and attracted to South Africa by the accounts of early travellers, such as Sparrman and Le Valliant, he set his heart upon coming here and availed himself of the first opportunity to do so in 1891. He started practice as a veterinary surgeon and two years later was appointed consulting veterinary surgeon to the Rand Health Board in Johannesburg, during an emergency arising from an epidemic of smallpox. After two years of useful service in that capacity, he attracted the attention of President Kruger, who appointed him Veterinary Surgeon to the South African Republic and Veterinary Surgeon to the Staats Artillerie in Pretoria. In 1900 he was appointed Government Veterinary Bacteriologist, and thenceforward was able to carry on the research work for which he became so distinguished, and from which this country has benefitted so enormously.

His first laboratories were some iron shanties at Daspoort on the outskirts of the town, which were both unhealthy and unsuited to such important work; but, even so, he was able to accomplish much, and after seven years the genius of the man and the importance of his results were productive of the placing of a farm and suitable buildings at his disposal at Onderstepoort, eight miles north of Pretoria. Here he was able to do full justice to the faith placed in him by the Government and farming community, and the institution has grown enormously. It is today recognized as the finest veterinary research establishment in the British Empire. Not only has research of great importance in animal diseases been carried on at Onderstepoort, but practical aid has been also provided in the preparation of sera in great quantities for the use of stock farmers in preventing the spread of such diseases as anthrax. He had been associated with Dr. Koch during the period when rinderpest swept through the country and was an expert in the cure of diseases by inoculation, all classes of stock diseases being experimented upon. Amongst others, much was done to produce a serum for inoculation against "horse-sickness", which was successful up to a point, but still not perfected; and it is interesting to record that it remained for his son, Dr. Max Theiler, working in the Rockefeller Institute in America at a comparatively recent date, to produce a really perfect serum for this disease.

Even after Sir Arnold's retirement upon superannuation in 1918 his energetic nature did not permit of idleness, and after serving on a commission of enquiry relative to the influenza epidemic of that year, he set himself the task of discovering the cause of "lamsiekte" in cattle, which had puzzled veterinarians for many years. It was most prevalent in the dry west, and a laboratory had been erected at Armoedsvlakte near Vryburg for the sole purpose of dealing with this disease. Various possible sources



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

were investigated, but without success in tracing its origin. With all his time available now to study the disease, it was not long before he discovered its source, in a way that seems worth recording. It happened one day that a cow was brought to the laboratory with the skull of a small antelope wedged into the back of its mouth; this skull was removed and the cow turned out to graze again, apparently none the worse for it. The occurrence was not unusual, as cattle, and even large antelopes, often chew old bones; but in this case the cow developed symptoms of "lamsiekte" some time later, and Sir Arnold was quick to grasp the significance of the case, with the result that he soon discovered the germs of the disease were located in the dried fleshy tissues on the old bones. But what was even more important as a corollary was the experimental work then carried out upon the feeding of stock with sterilized bone-meal to make up for the phosphate deficiencies of the vegetation that caused the animals to chew old bones. Young stock especially benefitted enormously by this special feeding with bonemeal, and stock farming in the dry west became possible upon an increased and much more profitable basis. In subsequent tours of other continents, Sir Arnold found that the same disease, under various names, was prevalent in all dry areas where stock farming was attempted, and needless to say, those countries also benefitted by his discoveries.

In 1920 Sir Arnold was able to see another ambition fulfilled, in the establishment of a training centre for veterinary research workers and practitioners at Onderstepoort, in conjunction with the Pretoria University. In this connection he was appointed Director and Professor of Veterinary Research and Education and was Dean of the Faculty until 1927, when he retired to his home in Switzerland. At a later date he was able to render valuable advice to the Government of the Australian Commonwealth in improving the veterinary research establishment in that country. In 1936 he returned on a visit to South Africa, still displaying a keen interest in all biological subjects. He had always been interested in birds, having been a foundation member of the South African Ornithological Union as well as the Transvaal Biological Society — which subsequently amalgamated to form the South African Biological Society, of which he was a keen supsupporter. On many occasions I well remember how, when the monthly meetings of the Biological Society were being held and the attendance was small, as the result of stormy weather, nearly all the professional staff of the Onderstepoort Laboratory would be present, as Sir Arnold would provide official transport so that there would be no excuse for their non-attendance! His lively interest in the progress of all who were doing any class of biological work was always inspiring and encouraging. I may be forgiven here for placing on record, as a grateful tribute to his memory, that it was in great measure due to Sir Arnold's personal spirit of encouragement that I undertook specialized work upon birds and mammals and was able to carry on despite many discouragements from other quarters. I was often invited to accompany him and his guests from abroad



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

who were anxious to see and learn something about our birds, and as he had always protected birds at Onderstepoort there was always much to see there. During his last visit to Pretoria he often expressed a desire to see more done in the study of migratory birds, as he had been much impressed by the results obtained in recent years in Switzerland and wished us to follow the same lines. In that country the Government grants a subsidy to the Ornithological Society, and excursionists are given nets and other requirements to catch birds without injury for purposes of record. The birds are examined for rings, of which the numbers are recorded when present, and the others are ringed and recorded, and all of them freed again. Sir Arnold thought that if we followed similar methods we should not only be able to secure records of the same birds that migrated between the two hemispheres, but also secure data about the migration of others within the continent. In order to encourage this he enrolled as a member of our Society, and it is sad to think that he has so soon passed away without seeing anything accomplished in this direction. It is to be hoped, however, that the idea will be taken up and the work conducted upon the lines he suggested.

There is so much to record of his great achievements in biological research in South Africa, his many published papers and the numerous honours conferred upon Sir Arnold Theiler, that a full biography can alone do justice to them. In this short notice our desire has been rather to show that even in ornithology Sir Arnold's great personality, influence and inspiration have been apparent.

DR. AUSTIN ROBERTS.

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE VEEARTSENYKUNDIGE NAVORSINGSINSTITUUT OP ONDERSTEPOORT

## VOOROORLOGSJARE.

VOOR die benoeming van Arnold Theiler in 1893 deur die Zuid-Afrikaansche Republiek, was navorsing op die gebied van veeartsenykunde feitlik onbekend.

'n Paar veeartse is in Natal (Wiltshire, 1874) en die Kaapkolonie (Brandford, 1876; Hutcheon, 1880; Borthwick, 1889) aangestel maar dit was vir hierdie manne skaars moontlik om oplossings te vind vir slegs die geringste van die veeartsenykundige vraagstukke wat aan hulle kant opgedoem het. Hulle het uitstekende dienste gelewer nieteenstaande die feit dat hulle in die veld hulle werk moes verrig. Vanselfsprekend was navorsingswerk buite die kwessie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Met die uitbreek van die runderpes in 1896 is daar te Vryburg 'n Inter-Koloniale Runderpestkongres gehou en die afgevaardigdes het voorgestel dat 'n navorsingslaboratorium opgerig word om runderpes te bestudeer en te beveg en sodoende voorbereid te wees teen enige verdere epidemie van die siekte. Die Republikeinse Regering het, na die suksesvolle stryd teen die runderpes, besluit om 'n klein laboratorium aan die gang te hou om navorsing te doen na ander siektes en het 'n klein som geld gestem om 'n laboratorium te bou op die dorpsgronde.

Daar het aan die noordekant van Daspoort, naby Pretoria, waar die nuwe markgebou nou opgerig word, 'n hout-en-sinkgebou gestaan wat opgerig was om beesvelle te ontsmet voordat dit uitgevoer word om sodoende die moontlikheid van 'n verdere epidemie van runderpes te voorkom. Die idee was dat hierdie gebou omskep sou word in 'n veeartsenykundige navorsingslaboratorium deur die nodige veranderings aan te bring. Mnr. C. E. Schutte, die landdros, het die skema entoesiasties ondersteun en 'n nuwe driekamergebou, wat binne met bakstene uitgevoer is, is opgerig om te dien as 'n laboratorium en die hout-en-sinkgebou verander in 'n stal. Toerusting van die tydelike runderpesbuitestasie is gebruik in die nuwe laboratorium en teen die middel van 1898 was dit gereed vir inbesitneming. Hierdie laboratorium was die regstreekse voorganger van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut op Onderstepoort.

Die eintlike doel van die nuwe laboratorium was nie bereik nie omdat daar 'n uitbreking van kinderpokkies ontstaan het onder die naturelle en groot hoeveelhede kalf-limf is geproduseer vir inenting teen die siekte. Die verklaring van oorlog in 1899 het enige verdere werk deur die Staatsveearts van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Arnold Theiler, in die veeartsenykundige rigting tot stilstand gebring.

## DIE VRYHEIDSOORLOG.

ARNOLD THEILER het by die Staatsartillerie aangesluit en saam met die Republikeinse magte geveg. Na die besetting van die grootste gedeelte van Transvaal deur die Britse magte het Arnold Theiler besef dat hy nie veel meer kan doen nie en het toe teruggekeer na Pretoria waar die Britse owerhede hom die betrekking van Staatsbakterioloog aangebied het. Runderpes het weer in 1901 in Basoetoland en in die Oranje Rivier Kolonie uitgebreek en op aanbeveling van die Regeringsmedikus van Transvaal, dr. George Turner, was die besluit geneem om weer op Daspoort 'n runderpesstasie aan die gang te sit. Buiten die werk in verband met runderpes het talle ander probleme dr. Arnold Theiler se aandag geverg en so te sê alle veesiektes in Suid-Afrika het binne die bestek van sy navorsing geval. Sy werk is met merkwaardige welslae bekroon.

## NA-OORLOGSJARE.

'N GROOT aantal nuwe soorte parasiete is ontdek en baie duistere vraagstukke opgelos. In die loop van hierdie jare het sy publikasies



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die vorm van jaarverslae van die Veeartsenykundige Staatsbakterioloog van Transvaal aangeneem. Tussen die jare 1903 en 1910 is sewe sulke verslae uitgegee en hulle bly vandag nog klassieke naslaanwerke.

Die laboratorium op Daspoort het teen 1905 aangegroei tot 'n versameling geboue, almal van 'n tydelike aard en meeste van hulle nie geskik vir wetenskaplike werk nie.

'n Belangrike verandering het ook met verloop van tyd ingetree wat betref die administrasie van die laboratorium. Tot en met die einde van die oorlog in 1902 was beide die laboratorium en die runderpesstasie 'n onderdeel van die Publieke Gesondheidsdepartement. Met die totstandkoming van die Departement van Landbou, onder die direksie van mnr. F. B. Smith, egter, was hulle oorgedra na hierdie Departement. Die gevolg was dat waar die laboratorium voorheen min ondersteuning gehad het, dit nou georganiseer was as die Veeartsenykundige Bakteriologiese Afdeling van die Departement van Landbou. Van hierdie tyd af is daar progressief te werk gegaan.

Die produksie van runderpesserum is in 1903 gestaak toe dit beskou was dat die land nou vry van hierdie siekte was. Verder was dit nie raadsaam om besmette beeste aan te hou nie weens die moontlikheid van 'n verdere uitbreking in die onmiddellike nabyheid van die laboratorium.

In die tussentyd het siektes soos Ooskuskoors hul verskyning in Transvaal gemaak as gevolg van die onbeheerde invoer van vee gedurende en na die oorlog, maar die feit bly staan dat 'n navorsingslaboratorium bestaan het, en die verspreiding van hierdie siektes is voorkom.

'n Baie belangrike mylpaal is ook in 1905 bereik toe perdesiekte, daardie siekte eie aan Suid-Afrika, voorkom kon word deur inenting van serum, berei as gevolg van baie navorsingswerk.

Dit het egter spoedig geblyk dat die fasiliteite by Daspoort hopeloos ontoereikend vir die behoeftes van die land was. Die boere is in die reël oortuig van die nut en die noodsaaklikheid van die wetenskaplike navorsing.

## ONDERSTEPOORT.

IN Maart 1907 het die Verantwoordelike Regering die Administrasie van Transvaal as Kroonkolonie vervang. Generaal Louis Botha is as die eerste Eerste Minister van Transvaal, asook die eerste Minister van Landbou benoem. Hy het onmiddellik die oprigting van 'n nuwe veeartsenykundige navorsinginstituut ondersteun en tydens die eerste sitting van die Wetgewende Vergaderig is 'n bedrag van £40,000 gestem. Dit was nie maklik om 'n perseel uit te soek nie maar uiteindelik is daar besluit om op die plaas Onderstepoort, omtrent agt myl noord van Pretoria, die instituut op te rig.

Die plaas Onderstepoort is in die eerste instansie gekies op grond van die sentrale ligging daarvan en die nabyheid aan Pretoria, die hoofstad van Transvaal. Die laboratorium was in die onmiddellike nabyheid van die Departement van Landbou en die Regering van die Kolonie. Dit is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ook met spoorweë verbind aan Delagoabaai, Pietersburg, Rustenburg, via Germiston met Natal, via Johannesburg met Potchefstroom en die Kaapse grens en deur 'n direkte spoorlyn met die Oranje Rivier Kolonie-grens by die Vaalrivier. Die spoorweghalte by die laboratorium maak dit moontlik om die diere in kwarantyn spoedig by Onderstepoort te kry. Telefonies was Onderstepoort dan ook direk verbind met Johannesburg en die hele Rand sowel as die dorpe Pietersburg, Klerksdorp, Potchefstroom en Zeerust. 'n Bouterrein ten suide van Pretoria sou in sekere opsigte verkieslik gewees het maar klimaatsomstandighede moes in ag geneem word en die fasiliteite vir die bestudering van siektes van die laeveld kan nie op die hoëveld verkry word nie. Omdat Onderstepoort op die rand van die bosveld lê, is dit warmer as in Pretoria en terselfdertyd gesond vir mense. Dus is Onderstepoort nie alleen geografies maar ook klimaties sentraal geleë. Verder moes in ag geneem word dat die diere gevoer moet word. Die noodsaaklikheid van weiding en lande vir die kweek van voer, het verhoed dat die laboratorium in Pretoria self opgerig is. Vyfhonderd-en-twaalf akker van die plaas Onderstepoort is toe gekoop en sestig akker is besproei deur 'n voor vanuit die Apiesrivier wat langs die oostelike grens vloei. 'n Verdere 1770 akker van dieselfde plaas verder noord is onder huurkontrak geneem.

Mnr. Charles Murray, die Sekretaris van Publieke Werke, het die werk in die hande van mnr. Eagle, die hoofargitek, geplaas. Deur sy versigtige beplanning en die baie goeie werk van sy personeel staan die gebou, wat nou as die hoofgebou bekend staan, vandag nog daar. In 1908 is die gebou as 'n perfekte moderne laboratorium geag.

Die plaas was die vry erfpag van mnr. Cornelius Erasmus en onder nege-en-negentig jaar huurkontrak aan mnr. E. P. A. Meintjies verhuur. Hierdie twee here het dit as 'n diens geag om die plaas aan die Regering te verkoop teen die bedrag waarvoor die laas waardeer was.

Toe die instituut in 1908 geopen is, het dit vir baie mense geblyk dat die geboue onnodig ruim was, maar twee jaar later, met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, moes al vier provinsies bedien word en binne 'n kort tyd was die akkommodasie hopeloos ontoereikend.

Die personeel van die Veeartsenykundige Bakteriologiese Afdeling het bestaan uit dr. Arnold Theiler, Regerings Veeartsenykundige Bakterioloog; dr. James Walker en dr. Walter Frei, Assistent Regerings Veeartsenykundige Bakterioloë; dr. Lewis Henry Gough, Dierkundige; dr. Karl Friedrich Meyer, Patoloog; mnr. E. B. H. Parkes, Superintendent; vyf klerke, sewe leek-assistente en sewe ander amptenare. Die Veeartsenykundige Afdeling (vir aansteeklike siektes) het bestaan uit negentien veeartse wat as staatsveeartse opgetree het en oor die hele Transvaal versprei was.

## DIE GEBOUE.

DIE hoofgebou is in die Kaaps-Hollandse styl beplan en opgerig. Daarin is verskeie laboratoria, 'n lesingsaal, 'n fotografiekamer, 'n serum-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

laboratorium, 'n post-mortemsaal en 'n operasiesaal. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n laboratorium vir studente. Gas sowel as warm en koue water is voorsien. Verder was stalle opgerig wat 'n binneplaas ingesluit het asook hokke vir varke en honde, en krale vir beeste en perde. Hierdie gehoue bestaan vandag nog.

Teen 1913 is die eerste gebou, wat nie oorspronklik beplan is nie, opgerig. Dit heet die Administrasiegebou. In die jaar 1917 is die post-mortemsaal tussen bloekombome 'n entjie ten noorde van die binneplaas verskuif en in 1923 is 'n nuwe Patologie-gebou opgerig waarin daar lesingsale vir studente is . In 1920 is die Fakulteit vir Veeartsenykunde reeds by die Instituut op Onderstepoort ingestel. In 1921 is dit nodig geag om 'n Chemie-laboratorium op te rig. Ook in 1923 is die X-straalapparaat in 'n klein gebou opgestel op dieselfde grond waarop die Snykunde-gebou opgerig is. Laasgenoemde word later bekend as die Hospitaal. Die vinnige vooruitgang van die Instituut word bewys deur die noodsaaklikheid van die oprigting van meer geboue. In die buiteland getuig hierdie groei, en meegaande publisiteit en publikasies van fenomenale kennis en die naam „Onderstepoort" word beroemd deur die hele wêreld. Tot hoe 'n mate dit beroemd was, en nog is, word goed geïllustreer deur 'n Amerikaner wat nie geweet het waar Pretoria geleë is nie, maar toe val dit hom by dat „Pretoria is a small town near Onderstepoort!"

Die „Empire Marketing Board" het £10,000 geskenk om 'n biblioteek op Onderstepoort op te rig. Die Biblioteek is gedurende 1932 voltooi en voorsiening is gemaak vir uitbreiding.

Daar is met 6 hoenderhokke begin om van 800 na 1,000 eiers per dag te voorsien vir virusnavorsing. Ook is observasies gemaak in verband met oorerflikheid.

Agt-en-twintig jaar gelede, dit wil sê in 1934, is die Wolnavorsingsgebou opgerig en in 1940 is die gebou vergroot met fondse wat deur die Wolraad verskaf is. Later is hierdie werk verskuif na Grootfontein en die Wolgebou gebruik vir produksie van entstowwe.

Vroeg in 1939 is die Vleisnavorsingslaboratorium voltooi wat onder andere van die modernste verkoelingsinstallasies bevat.

Onlangs is die behoefte vir 'n ruim gebou vir navorsingwerk op virusse en bereiding van entstof voorsien toe die nuwe Virusgebou opgerig is.

Omtrent vyf jaar gelede is die nuwe Fakulteitsgeboue in gebruik geneem. Die kapasiteit van al die laboratoria is dertig studente in elke studiejaar, 'n syfer wat bepaal is nadat daar vroeër nie meer as vyftien per studiejaar gekies is nie.

## PERSOONLIKHEDE.

EEN van die vroegste assistente van dr. Arnold Theiler was dr. K. F. Meyer. Hy het op Daspoort begin en goeie werk gelewer tot drie jaar na die verhuising na Onderstepoort. Amerika kry dan die voordeel van sy talente waar hy 'n briljante loopbaan gehad het as hoof van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Williams-Hooper Foundation for Medical Research" in San Francisco. Dr. Meyer het nie te lank gelede afgetree op die ouderdom van 70 jaar.

Die eerste Velmintoloog op Onderstepoort was dr. F. Veglia. Hy het in 1911 aangekom en in 1928 teruggekeer na Italië. Dr. Veglia was blykbaar nog onlangs aktief op sy wynplaas.

In 1910 kom dr. W. H. Andrews by Onderstepoort aan en verlaat weer die Instituut in 1923. Later word hy die direkteur van die Veeartsenykundige Laboratorium te Weybridge, Engeland.

In die jaar 1912 verskyn die eerste entomoloog in die persoon van mnr. G. A. H. Bedford. Mnr. Bedford het baanbrekerswerk gedoen op die gebied van sistematiese entomologie.

In die jaar 1912 aanvaar ook dr. P. R. Viljoen sy dienste op Onderstepoort en word in 1932 die Onder-Sekretaris van Landbou, later Sekretaris en toe Hoë Kommissaris van Suid-Afrika in Kanada en Australië.

Dr. E. M. Robinson aanvaar 'n pos op Onderstepoort in 1913 en lewer baie goeie werk oor 'n lang tydperk en tree af in 1959. Hy stel dus 'n rekord op vir die langste diens.

Die eerste biochemikus wat op Onderstepoort aangestel is, was dr. H. H. Green in 1914. Sy bydrae tot die navorsing van die belangrike rol wat minerale in veeartsenykunde speel, was aansienlik.

Die Eerste Wêreldoorlog bring mee die verlies van 'n deel van die personeel en geen vooruitsig vir nuwe werkkragte nie. Eers 'n ruk na die oorlog is die personeelposisie verbeter. Dr. P. J. J. Fourie is een van die na-oorlogse rekrute. Hy was 'n beursstudent en het sy waarde getoon terwyl hy in die diens van Veeartsenykunde gewerk het. Dit is maar in die afgelope paar jaar dat dr. Fourie se gesig nie meer op Onderstepoort gesien word nie.

Mnr. T. Meyer het diens aanvaar as die eerste fotograaf en het lank op sy pos gebly. Mnr. W. F. Averre het reeds by Daspoort in die diens getree. Sy aftrede het omtrent twaalf jaar gelede plaasgevind.

Van die Veeartsenykundiges wat nog in die tuig staan, is sir Arnold Theiler se dogter, dr. Gertrud Theiler, wat 'n deskundige is op die gebied van die sistematisering van bosluise.


Dr. W. O. Neitz het alreeds baie belangrike werk gelewer in verband met die oordraging van protosoïese siektes, sy uitvinding dat sweetsiekte deur die bosluis oorgedra word en sy jare van navorsing wat uiteindelik tot sukses gelei het om 'n teenmiddel te vind vir Ooskuskoors.

In 1947 het prof. Quinlon afgetree na baie jare as professor in chirurgie, maar hy was nie tevrede om stil te sit nie en het toe begin werk op die gebied van reproduksie-wanordes en kunsmatige inseminasie. Vandag word gereelde kursusse aangebied vir diegene wat opgelei wil word op hierdie gebied.

Die afdeling toksikologie is deur sir Arnold Theiler begin en vir baie jare verder gevoer deur dr. D. G. Steyn met sy navorsing op die effek van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*DIE EERSTE DRIE DIREKTEURE VAN ONDERSTEPOORT*

v.l.n.r: *sir Arnold Theiler, dr. P. J. du Toit en dr. G. de Kock*

gifplante op diere. Sy opvolger, dr. T. F. Adelaar, is reeds lank besig met hierdie vak.

Navorsing op virusse is begin deur sir Arnold Theiler maar eintlik is dit sy opvolgers en veral dr. R. A. Alexander, wat die vak uitgebrei het. Dr. Alexander is telkemale opgeroep na die buiteland om probleme in verband met virusse op te los. Onder andere het dr. Alexander na Amerika gegaan om 'n epidemie van bloutong daar te bestudeer en hulp aan te bied.

Daar is talle ander maar te veel om op te noem.

**DIE DIREKTEURE.**

SIR ARNOLD THEILER word genoem die „vader van veeartsenykunde in Suid-Afrika". Ons het gesien dat hy in die Republikeinse dae reeds die voortou geneem het in veeartsenykunde en dit volgehou het tot sy aftrede in 1927. Dit is onmoontlik om hier al sy prestasies te noem. Laat dit genoeg wees om sy toekennings te noem wat oorvolle bewys is vir die indruk wat hy hier en in die buiteland gemaak het met sy energieke toewyding aan die probleme wat in die veeartsenykunde opgestapel het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(a) Laveron Goue Medalje toegeken deur die Société de la Pathologie Exotique, Parys, in 1927.

(b) Universiteit van Utrecht Medalje, 1934.

(c) Budapest Goue Medalje toegeken deur die Internasionale Veeartsenykundige Kongres in 1934.

(d) Chevalier de l'Orde de la Couronne de Belgique, 1912.

(e) K.C.M.G., Knight Commander of the Order of Saint Michael and Saint George, 1914.

(f) Silwer Jubileum Medalje, 1935.

(g) Senior Kaptein Scott Medalje toegeken deur die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging, 1918.

(h) Goue Medalje van die Royal Agricultural Society, Engeland, 1934.

Sir Arnold Theiler sterf in 1936. Vandag rus sy asse onder sy standbeeld voor die hoofgebou op Onderstepoort.

Dr. P. J. du Toit — een van ons Genootskap se geëerde lede — het sir Arnold Theiler in 1927 as Direkteur van die Afdeling Veeartsenydiens en Veeteelt opgevolg. Nie baie lank daarna nie word die benaming verander na Direkteur van die Afdeling van Veeartsenydiens. In sy een-en-twintig jaar as Direkteur het dr. du Toit 'n baie groot taak verrig en sy bydrae tot die geskiedenis van Onderstepoort kan volumes beslaan. Veral moet in ag geneem word dat uitbreiding van 'n aansienlike aard plaasgevind het op Onderstepoort. Na sy aftrede in 1948 het dr. Du Toit 'n leidende rol gespeel op die gebied van die wetenskap as geheel in Suid-Afrika sowel as in die buiteland. Hy is ook tans lid van die Historiese Monumentekommissie.

Die regterhand van dr. Du Toit, dr. G. de Kock, volg hom op as Direkteur vir 'n jaar en nege maande. Dr. de Kock se bydrae beslaan ook boekdele.

Op tragiese wyse is die veelbelowende dr. J. I. Quin die geleentheid ontsê om te wys waartoe hy in staat was, toe hy skielik oorlede is. Hy was maar drie maande Direkteur. As fisioloog het hy veel bygedra tot die wetenskap.

In 1950 word dr. Alexander Direkteur en op sy beurt is hy onlangs deur dr. B. C. Jansen opgevolg. Soos reeds gesê het hy die virusseksie gebring tot waar dit vandag is.

Die lede van die teenswoordige personeel is nou besig om die geskiedenis van Onderstepoort verder te skryf en mens kan seker wees dat daar met mening vooruit gegaan word.

C. C. F. WHITCOMB.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Besoek Aan Die Nederlandse Opelugmuseum Te Arnhem, Nederland

(*Toespraak namens mnr. Coetzee voorgelees op 'n Algemene Jaarvergadering van die Genootskap op* 21 *November* 1961.)

DIE museum is net buite die stad Arnhem in 'n pragtige boom- en waterryke park geleë. Die doel van die opelugmuseum is om die beskawingsgeskiedenis van die Nederlandse plattelandse- en boerebevolking uit te beeld soos bv. hul huisbou, kleredrag, huisraad, plaasgereedskap ens. Die Museum ontvang finansiële steun van die Nederlandse regering en 'n klein toegangsfooi is betaalbaar.

Vanaf die ontstaan van die museum is gepoog om manne van aansien en betekenis in die wetenskap te betrek, soos bv. dr. Jan Kalf, prof. van der Steur, dr. Schrijnen en baie ander, en hierdeur kon die beheerraad van die Museum sistematies te werk gaan om die Museum al hoe meer te ontwikkel tot 'n werklike middelpunt van kennis met betrekking tot die Vaderlandse Volkskunde en die ryke versamelings van Volkskundige stukke is bewys daarvan. Deurgaans is gepoog wat betref uitleg, padbou, huisbou, beplanting ens. om soveel as moontlik die oorspronklike omgewing weer te gee. Dienspunte soos administratiewe kantore, biblioteek, verversingslokale, werkplekke ens. is aan die rand van die perseel geleë, terwyl die werklike uitstallings opgestel is in die binnekompleks van die perseel.

Die geskiedenis van die uitstallings wortel in die verlede en het as huisbedrywe ontstaan en gedurende die 16de en 17de eeu tot bloei gekom en in die 19de eeu, as gevolg van nuwe uitvindings en meganisasie in verval geraak. Soos ons weet word die uitvinding van geskepte papier aan die Sjinese toegeskryf (1ste eeu na Christus) en is dit na Persië, Arabië, Spanje en daarvandaan na Italië en Frankryk oorgedra en in ongeveer 1600 deur geloof-vervolgde Hugenote na Nederland oorgebring. Die eerste papierfabriek het op die Veluwe ontstaan waar die vervaardiging van wit papier tot groot bloei gekom het. In die museum het ek dan ook die laaste oorblywende meul gesien. Dit is nog in 'n werkende toestand en ek het 'n paar velle wat in my teenwoordigheid gemaak is, en ook dié wat die oorspronklike watermerke toon, vir die Drukkunsmuseum van die Staatsbiblioteek saamgebring. So ook tref ons die oorspronklike toestelle vir die vervaardiging van bier (nl. 'n Bierbrouwerij), en van olie (olieslagery waarby olie verkry word uit lyn-, raap- en koolsaad) in die museum aan. Die sogenaamde Grutterij, wat in 1770 te Wormerveer ontstaan het, is in 1933 na die museum oorgebring. Vir my was die benaming „Grutterij" ietwat vreemd, maar die Direkteur het verduidelik dat dit 'n meul is wat die piramiedvormige bokwiet skoonmaak en die wit kern tot „grut" of klein stukkies breek soos ons hier mielies breek om mielierys te verkry. Die meul



Digitised by the University of Pretoria, Library Services